Hoërskool Fichardtpark: Klere-tender

Hoërskool Fichardtpark bied hiermee aan u die geleentheid om ’n volledige tender in te dien om hierdie gesogte skool se klerebank as uitgekontrakteerde handelaar te hanteer en goedgekeurde klere in voorraad te hou.

Alle dokumentasie is deur Horn & Van Rensburg Prokureurs gekontroleer en die suksesvolle tender sal met ingang van 15 Desember 2021 tot ’n 36 maande ooreenkoms verbind word - of soos anders ooreengekom.

U kan u tender voor of op 27 Augustus 2021 om 13:00 per e-pos aan bemarking@fpark.co.za stuur of by die skool se ontvangs by mnr. Louis Pretorius indien. Indien u nie teen 13 September 2021 enige terugvoering ontvang nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

NB: Neem kennis van die volgende voorwaardes voordat u ’n tender indien en maak seker dat u aan al die vereistes voldoen:

Terme en voorwaardes

1. Die klerebank moet ten alle tye volledig voorraad van alle klerasie en verwante items hê.
2. In terme van die skool se spesifieke voorvereistes moet die klerebank op kort kennisgewing nuwe klerasie kan verskaf.
3. Die klerebank moet vanaf Maandae tot Vrydae tussen 13:15 en 15:00 fisies beman word.
4. Alle kommunikasie sal direk tussen die suksesvolle tenderaar en ouers (nie die skool nie) geskied. Die suksesvolle tenderaar moet noukeurig te werk gaan met die verwerking van persoonlike inligting asook die kommunikasie met ouers. Die hantering van alle

persoonlike inligting moet voldoen aan die vereistes van die *Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting - Wet 4 van 2013.*

5. Die klerebank is operasioneel tot op die laaste dag van elke kwartaal.
6. Die klerebank moet oor die geriewe beskik om kontant sowel as kaarte van ouers en leerders vir betalingsdoeleindes te aanvaar.
7. Die minimum bestelhoeveelhede moet in ag geneem word wanneer pryse bepaal word.
8. Die kwaliteit van produkte is deurentyd onderworpe aan die vooraf goedkeuring deur Hoërskool Fichardtpark.
9. Die klerebank moet verseker dat die kwaliteit van alle produkte konsekwent van aard is.
10. Huur van R3 300.00 per maand sal aan die skool betaalbaar wees. Die jaarlikse persentasie verhoging gekoppel aan inflasie asook elektrisiteit word hierby ingesluit.
11. Verbeteringe sal met die huidige klerebank onderhandel word. Indien nodig, sal voorraad ook ingedien moet word.
12. Alle aansoeke (onderworpe aan die tye en datums soos reeds genoem) sal oorweeg word. Die sukses van alle aansoeke is onderhewig aan die tenderaar se vermoë om die produkte, in samehang met die voorafbepaalde prys, te lewer (sien aangeheg). Die Beheerliggaam beskik oor die alleen- en uitsluitlike diskresie om die suksesvolle tender te bepaal. Nadat die tender toegeken is, sal geen verdere korrespondensie plaasvind nie.
13. Neem kennis dat daar deur die jaar verdere items by die aangehegte lys gevoeg mag word.
14. Indien die tenderaar nié ’n spesifieke produk kan verskaf nie, moet dit asseblief in die tender aangedui word.
15. Die tenderaar bevestig hiermee dat die persoon/instansie wat die tender indien die bepalings, soos in hierdie advertensie uiteengesit, respekteer en aanvaar.

Skooldrag

Item	Minimum bestelhoeveelheid	Prys per eenheid
Skoolbaadjie	1	
Skoolhemp (wit)	1	
Skoolbroek	1	
Skoolrok	1	
Skoolkouse	1	
Skoolskoene	1	
Skooldas	1	
Skoolsweetpak	1	
Kep vir leerders	1	
“Buff”	1	
Maskers	1	
Subtotaal:		

Matriekdrag

Item	Minimum bestelhoeveelheid	Prys per eenheid
Matriektrui	1	
Matriekdas	1	
Matriekrompie	1	
Matriekhemp (blou)	1	
Matriekbroek	1	
Subtotaal:		

Sportdrag

Item	Minimum bestelhoeveelheid	Prys per eenheid
Sport gholfhemp (kinders): 140g	1	
Netbal-skort: 240g	20	
Netbalrokkie: 320g	20	
Hokkie-skort: 240g	15	
Seuns hokkiehemp: 140g	15	
Seuns hokkiebroek: 140g	15	

Rugbytrui: 200g	23	
Rugbybroek: 200g	23	
Atletiekhemp:140g	1	
Atletiekbroek: 320g (noupassend)	1	
Tennis *chinese collar*-hemp: 140g	1	
Kriekethemp: 140g	12	
Fietsryhemp: 140g	1	
Sportkouse	1	
Rugbydas	1	
Sportbroekie	1	
Subtotaal:		

Personeeldrag

Item	Minimum bestelhoeveelheid	Prys per eenheid
Personeel gholfhempie: 140g	50	
Personeelbaadjie : *Puffer jacket*	50	
Personeelhoed: *Panama*	10	
Personeelhoed: *Visor*	50	
Onderwyserdas: mans	10	
Serp: dames	40	
Kraaghemp: mans en dames	50	
Reliëfdruk (*embossed*) top: mans en dames	50	
Subtotaal:		

Bemarkingsitems

Item	Minimum bestelhoeveelheid	Prys per eenheid
Teardrop- banier	10	

Telescopic- banier	10	
Muurbanier (*wall banner*)	1	
Gazebo 3m x 3m (staal)	1	
Rugbyveldkussings (merkers) x 8 bv 22m	1 stel van 8	
Vlaggies om die rugbyveld (14)	1 stel van 14	
Rugbypaalbeskermers x 4 (1 stel)	1 stel van 4	
Netbalpaalbeskermers x 2 (1 stel)	1 stel van 2	
Fichies-sambreel		
Fichies-liniaal		
Subtotaal:		
Groottotaal:		